



Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619
Crossroad Gospel Message: FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655

# Don't Touch the Temple!




**Francois het hierdie Sondag 'n boodskap gebring wat my diep laat nadink het en ek dink ek was nie die enigste een nie...**

Sy boodskap het gegaan oor die verlore seun en hoe sy pa, wat ook 'n beeld is van ons Hemelse Vader, GEHARDLOOP het na sy seun en hom omhels het. Vir hierdie vader het **die status van sy seun nooit verander nie** al het sy seun gevoel hy is nie werd om "seun" genoem te word nie!
**Al het mense hom afgeskryf, vir sy pa was dit sy SEUN!**

Francois het 'n stuk aangehaal wat my baie diep laat nadink het en ek het weereens besef hoe versigtig ons moet wees wat ons aan ander doen en wat ons sê!
**Ons kan onsself maklik uitspreek teenoor 'n verkragter of moordenaar, maar besef nie hoe ons deur ons woorde dalk al iemand se gees en menswees verkrag het of selfs doodgemaak het met ons woorde nie.**

**Francois het hierdie skrif gekwoteer, lees dit saam met my....**

**1 Korinthiers 3:12** En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—
(13) elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.
(14) as iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;
**(15)** as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.



***Hier kom die belangrike deel....***

(16) **Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?**
**(17)** **As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend;** want die tempel van God is heilig, **en dit is julle.**

Hierdie geld ook vir **JOUSELF!** Hou op om dood oor jouself te spreek en jouself te venietig met leuens wat die satan in jou kop geplant het! Jy kan jou eie ondergang bewerk deur die woorde wat uit jou mond vloei....na ander of jouself en boonop sê die Woord in **Spreuke** 18:21 *Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik,* ***sal die vrug daarvan eet.***
**As jy iemand skend met jou woorde of dade, sal God jou skend..PUNT!**

***Jy kan vandag begin deur LEWE te spreek oor jouself en ander en glo my, JY GAAN BINNE ''N WEEK DIE RESULTATE VAN JOU WOORDE SIEN! Jy SAL die vrug daarvan eet!***

# Brother 2 Brother Konferensie

# 29 & 30 Junie 2012






Ons was **18 pastore** tesame met **Tony & Jackie Steyn** wat vir ons die Praise & Worship gedoen het en **Della & Ronel van Huysteen** wat vir ons met kosbare Woord bedien het. Della is al sedert 2006 nou betrokke by Crossroads en ons weet dat die Here besig is om vir hom en Ronel voor te berei vir 'n groot, nuwe seisoen! Dankie Della vir 'n Woord uit die hart van God. Ook aan Tony wil ons baie dankie sê vir Geesvervulde aanbidding. Wanneer kinders van God saam aanbid, vloei die salwing van die Heilige Gees en vind daar restorasie en wonderwerke plaas!

Ons pastore het terugvoering aan die CBCN gegee tov hul eie kerke en hoe hulle opereer aangesien elke kerk uniek is, maar tog deel is van die CBCN liggaam om so die Evangelie uit te dra aan bikers en non-bikers op 'n unieke wyse!

**Ons is tans besig met groot beplanning en Francois is in samesprekings met ons netwerk kerke se senior pastore. Ons volgende nuusbrief sal verseker vir julle inlig van die nuwe seisoen vir die CBCN en wat die Here besig is om in plek te sit! Watch this space!!**

# Ons herdenk saam met Francois sy geboortedag op 2 Julie!



So op 'n blou Maandag het Francois sy 49ste verjaarsdag gevier, en ons wil graag vir elkeen wat gesms, gebel of op facebook hom seënwense toegewens het, dankie sê.

Dit laat my terugdink aan die dag toe die Here vir Francois hierdie opdrag gegee het op 'n mannekamp in Barkley-Wes 1996...

***2Timothy 2:1-4*** *So, my son, throw yourself into this work for Christ.*
*Pass on what you heard from me--the whole congregation saying Amen!--to reliable leaders who are competent to teach others.*
*When the going gets rough, take it on the chin with the rest of us, the way Jesus did.*
***A soldier on duty doesn't get caught up in making deals at the marketplace. He concentrates on carrying out orders.***

Francois, hou aan met die goeie werk waarvoor God jou geroep het en moet jou nooit bemoei met die werksaamhede van hierdie wêreld nie! God sal vir jou voorsien, ingestop, ingeprop tot oorlopens toe vol, want jy streef altyd daarna om Sy wil te ken en te doen!

**Kruispad Boodskap se kernteks is...**

**Luke 14:23 "The master said, 'Then go to the country roads. Whoever you find, drag them in. I want my house full!**

"... a pastor recently said that, his mission was in the pulpit and that he didn't have to go to the streets to minister. In other words, what happens in the streets doesn't affect the church."

# North-West Biker's Church Nuus!




## Ons besoek Klerksdorp Ouetehuis op 13 Julie!!




Hierdie was 'n projek wat **Drieka Maree**, hoof van ons **NWBC Welsyn** beplan het en die hoofdoel was om vir elke bejaarde **'n serp te brei** om te help om die snerpende koue weg te hou...

Ons het wol ingesamel en ons is dankbaar vir elke vrou wat gehelp het om serpe te brei. Ons sê uit ons harte dankie vir **Willemien Viljoen en Petra Agenbach** wat behoorlik eelte op hul vingers gekry het van al die serpe wat hulle gebrei het!

Ons kon sowat **125 serpe uitgee** en self 'n paar mussies wat van ons bikers geskenk het.




Francois moes die singwerk doen, want René se stem was weg weens 'n hewige verkoue aanslag en die volgende dag was hul altwee stemloos...'n wonderwerk...daar was stilte in die pastorie..hehe!!

**Ag en het die oumensies dit nie geniet nie!!** Ons het later gekoordans op die Hallelujah Trein en selfs die personeel was boots & all saam met ons.

Ons het vir almal heerlike koek gegee...daar was melktert, swiss rolls, souttert ...en en en. Dankie aan Connie wat al die rondhardloop moes doen om alles reg te kry, want ons was oppad terug van Willie Bruwer se pa se begrafnis in Meyerton. Ook ons hele span staatmakers wat kom help het. Scharmaine, Ferdie, Coen, Marita, Gawie...ons waardeer julle hulp oneindig baie!



**Dan ook 'n groot dankie aan elke biker wat hierdie aand spesiaal gemaak het vir ons bejaardes en gebless het met hul teenwoordigheid!**




## Audio Boodskappe

Ons maak van elke diens 'n Audio opname en CD's is beksikbaar by ons kantoor (018) 473 5354 of tydens ons dienste @ slegs R20 elk!

# Die NW Bikers Church word 3!




**Ten spyte van al die hartseer en al die uitdagings van Julie 2012, kon ons nogsteeds die vreugde vure hoog laat brand!**



Ons NWBC het hul 3de Bestaansjaar gevier en watter groot voorreg was dit nie! Ons het vir **Ps Johan van Eck van die Westrand Bikers Church** saam met ons gehad en die Woord wat uitgegaan het was beslis in die kol! Johan het oor Moses bedien en dat God vir ons elkeen ‘n roeping het.

**Jy weet al vir baie lank dat God jou geroep het, maar die vyand hou jou vas met ‘n leuen of ‘n verskoning. Staan op en doen waarvoor God jou geroep het, want die tyd is min! Hierdie boodskap is ook op audio beskikbaar by ons kerkkantoor.**



Die **Stunters 4 Christ span** het ook vir ons vermaak met ‘n dansie op ‘n liedjie deur Willie en sy Wenspan, maar was dit nou vir jou ‘n storie van epidermiese proporsies! Kyk Ps Francois het soos die Nik-Naks mannetjie gelyk en Ps Johan met sy pienk pruik was te “sweet”! Klein Smitty het ’n Nama riel gegooi en die ander kon amper nie konsentreer op hul eie danse nie!

Dan het **Shaun & Smitty** hulle kom bedien met Praise & Worship wat werklik so gesalf en geseënd was. Ons het elke druppel van God se salwing ingedrink en ons wil vir julle uit ons harte bedank. Ons weet watter groot taak dit is....van die opslaan tot by die oppak, maar weet dat God se hart gejuig het!



Ook vir Tony wat vir ons I’m still holding on gesing het met so ‘n awesome annointing! Hy en Francois gaan hierdie lied saam doen op ons opkomende **Mini SA God Rally** en ek mis dit vir niks!



Ons **Operational Team onder leiding van Coen & Connie Claassens** wat geswoeg het om die vure te maak en almal gelukkig te hou, hoe kan ons dankie sê? Woorde is te min! Julle is vir God en vir ons ‘n blessing!




## Ons het die voorreg gehad om elke klub persoonlik te salf en te seën!

Dit het jou hart sommer laat warm klop as jy sien hoe ongeveer 20 klubs kom deurry het om geseën te word. Hierdie ouens en vrouens besef dat hulle NIKS is sonder God nie en dat dit belangrik is om God se wil te doen, want dan leef jy onder Sy seën.

**Buite God se wil..KAN JY NIE SY SEëN ONTVANG NIE EN IS JY OP DIE GEVAARLIKSE PLEK OOIT!**








# Ons trou 2 paartjies!




Saterdag **21 Julie** was **Suretha & George** se groot dag en René het hulle in die Crossroad Recording Studio getrou. **Mnr & Mev Lourens**, baie geluk met hierdie groot stap en weet dat julle huis & huwelik altyd geseënd sal wees as julle op die Rots, Jesus Christus sal bou!



Dan was dit ook 'n voorreg om vir **Christo & Karin** in die eg te verbind op **4 Augustus 2012**. Baie geluk **Mnr & Mev Jansen van Vuuren**! Julle het gekies om jul huwelik met God se seën te begin en daarom glo ons dat julle end-uit sal getrou wees aan mekaar en aan God en dat hierdie huwelik verseker is in Christus tot in alle ewigheid!

**Soms is die pad na geluk nie altyd 'n maklike pad nie** en hierdie 4 mense sal daarvan kan getuig. Ons maak foute, ons val, ons kry seer en soms moet ons vir jare gebuk gaan onder verwyte en skuldgevoelens van verkeerde keuses en besluite. **Die groot vraag is altyd; "Het GOD ons bymekaar gevoeg, of het ons onsself bymekaar gevoeg?"** Vir die van julle wat nog gaan trou of al jare getroud is, dink mooi na hieroor. As God julle nie saamvoeg nie, gaan die pad bitter wees en pyn is onvermydelik. As jy reeds getroud is en besef dat julle nie deur God bymekaar gevoeg was nie, **bely dit vandag nog** en vra God se seën op julle huwelik. **Dis die eerste stap na genesing en jare vol vreugde vorentoe! Ek en Francois moes dit doen en God het ons vergewe en geseën! Vandag kan ons hand aan hand Sy Woord verkondig en 'n voorbeeld wees vir ander!**

# Ons moet groet...





Julie maand was verseker een van die moeilikse maande van 2012. Buiten die ongekende koue, was Julie 'n maand met baie uitdagings, maar ook die seer van verlies...

**Ons het op een dag 2 mense verloor...**
Tannie **Elmie Taylor** van ons NWBC is oorlede na baie jare van dialise, diabetes op die ouderdom van 62 jaar. Sy het haar lewe vir Jesus gegee en was die afgelope paar maande getrou by ons dienste. Sy is op 18 Julie begrawe in Klerksdorp.





Dan moes ons op 'n wrede wyse afskeid neem van **Willem Esterhuizen** op die ouderdom van 20 jaar. 'n Vratsongeluk met sy motorfiets het sy lewe beëindig en dit was vir ons almal 'n groot skok! Willem was 'n member van die **Survivors MCC,** Bothaville waarvan sy pa, Gerrie die President is.
Dit was vir ons 'n voorreg om met ons NW Bikers Church se 3de verjaarsdag, hulde te bring aan beide van hulle en ons kan hierdie gesinne net toemaak in God se vertroosting en die wete dat ons hulle weer sal sien!





**Willie Bruwer van Stunters 4 Christ** en ook Uitvoerende Raadslid van die NWBC se pa is ook op 'n jong ouderdom van 64 oorlede en ons het die voorreg gehad om Willie se pa vanuit die **AGS Meyerton** te begrawe op **13 Julie 2012**. Baie dankie aan **Ps Wimpie Cronje** vir die gebruik van julle kerk en die die fasiliteite. Julle het 'n awesome span mense en ons kan sien hoekom jy so gelukkig is! Mag die Here jou en Wilna ryklik seën in julle groot opdrag!


***Romeine 14:8-11***

*Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers. Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.*

## Vince & Natassja

**(Stunters 4 Christ)**

Hierdie kosbare 2 mense het hul babatjie **verloor op 10 weke swangerskap** en ons kan net saam met hulle glo dat God vir hulle 'n hoopvolle toekoms beplan! **Julle sal geseënd wees omdat julle nie in God se liefde twyfel nie en weet dat die vyand die leuenaar en verwoester is!**



# Stunters 4 Christ Nuus!



## Faith Worrier Youth Outreach Leandra - 28 Julie 2012

**Stunters 4 Christ span:**

Willie en Heleen Bruwer (Stigterslede), Vince en Natassja, Reg Adendorff, Marizel Potgieter, Simone Bruwer, Smitty Fourie. Lenard Labuschagne, Andre Slier en Franky de Paiva



Julle! Ek is nou afgevaardig om verslag te doen oor die shows. Nou ja wel, ek seker julle sal my vergewe vir al die "grammar" foutjies. Ek is 'n biker-girl en beslis nie n letterkundige nie. Hehehehe, n groot woord!




Nou goed. Eerstens wil ek noem dat ons maar n rowwe tyd gehad het voor die tyd. Julle almal weet al dat Willie se pa oorlede is, toe beland hy self in die hospitaal, en Vince en Natassja het hul babatjie verloor en die aand voor die show kry een van Willie se mense seer ondergrond. Hy het dus niks geslaap in 2 dae nie. Maar as ek nou al een ding geleer het van ons stunters, is dat hulle werklik staan by ons skrifgedeelte:

**"I can do all things through Christ who strengthens me."**
**(Fil 4:13)**

**Dit was werklik 'n show van eerstes:**

- Vir die eerste keer moes ons n show doen sonder dat Willie by is. Vince moes die stokke vat en toe ek hom 6h00 die oggend bel, was hy meer as bereid om oor te vat. Hehehehe, Willie het darem betyds opgedaag vir die show.
- Vir die eerste keer het Vince n getuienis gelewer. Baie dankie Vince.
- Vir die eerste keer het ek n profetiese woord gespreek oor iemand. Wel, ek het al voorheen gehad, maar ek is baie skepties oor sulke dinge, dus was ek nie altyd gehoorsaam nie. Maar ek sal nooit die verligting van "vrykom" in daardie dame se gesig vergeet nie. Dankie Jesus vir daardie voorreg.

**So gepraat van altar call; 7 mense(siele) vir Jesus. Keer op keer ...... Hoe se die Bybel? Sy woorde sal nie leeg terugkeer....... Amen! Hier wil ek net byvoeg dat Ps Francois behoorlik lewe as hy op straat kan bedien! Hy maak seker hy mis nie 'n siel nie! Dis elke keer vir ons as Kruispad 'n ongelooflike groot blessings om saam met julle Jesus te WYS vir die mense en te sien hoe lewens na Christus gedraai word!**

Alhoewel almal van ons die stunting deeltyds doen, kan ek met redelike sekerheid sê dat almal van ons kan getuig dat die shows vrug dra en dat ons, al vra die ministry baie van ons, die ervaring vir niks sal wil verrruil nie. Ons sien nie net ander mense se lewens verander nie, maar sélf groei ons elke dag en kom elke keer al nader aan Jesus. Sien ons die vervulling van soveel beloftes en ervaar ons Jesus se liefde elke dag onder mekaar.




**Baie dankie aan Ivan Yates (President) en die res van Faith Warriors vir die geleentheid, jul hulp en gasvryheid... en dankie vir jul gehoorsaamheid en aandeel in die siele-oes!!**

***Tonette Saunders***

*"We Burn Rubber NOT Souls!"*







## Ons gaan GROOOOOT!

Ons datum moes agv ons venue verskuif na die **15 de September**, maar dit gee ons nog bietjie tyd om alles 100% in plek te kry, want daar gaan baie te sien & te doen wees vir **oud en jonk, bikers en die publiek**! Hierdie is 'n **FEES** vir almal!

**Mayfair Village** (geleë op die R30 pad tussen Klerksdorp & Orkney) stel vir ons hul terrein beskikbaar aangesien hierdie hele rally ten bate van **Place of Restoration** is. Vir meer inligting oor Place of Restoration, gaan gerus na ons website: www.crossroad-ministries.co.za.

**TOEGANGSFOOIE:** Die ingang vir volwassenes is slegs R30 en bikers kan ook 'n **staal/lap badge** koop @ R20, maar dis nie verpligtend.
Kinders tussen 13-18 is R20 en onder 12 jaar is GRATIS! Dus kan die hele familie kom teen 'n minimale ingangs-fooitjie!

**UITSTALLERS:** Daar gaan hope **kuns & kosstalletjies** wees en indien jy graag wil uitstal, kontak ons by (018) 473 5354! Die prys vir 'n stalletjie is slegs R250! Daar is nog plekke beskikbaar!

**VERMAAK:** Oeeee! Ons gaan julle besig hou met net die beste! Daar gaan 'n **Skattejag Kompetisie** wees vir oud & jonk, **Idols** vir ons opkomende sangers, **Sterkman Kompetisie**, **Skyfskiet**..nie Skeefskiet nie LW!, **Battle of the Drums** vir al ons drommers, **Ring of Smoke** vir die bikers wat 'n tyre mag en kan brand, **Power Hour** vir ons getroude couples (18+), **Country Show**, **Dansers**, hope **pret vir ons kinders** en die lys gaan aan en aan....!!!!!!!!!

**"Jy raak ontslae van al jou STRESS en ons word GEBLESS!"**

**Ons volgende Profetiese Vrouekamp vind plaas vanaf 26 tot 28 Oktober 2012 in Barkley-Wes op die Deo Gloria Kampgronde!**




- Ons het ook reeds **busse bespreek wat op die N12 roete loop** tussen Pretoria en Barkly-Wes! Ja, ons vroue kom van regoor die land en Barkly Wes is omtrent die middelpunt van SA...letterlik en figuurlik!
- Ons probeer ons **kostes so laag as moontlik** te hou en maak daarom baie staat op **donateurs**.
- Die kostes vir die jaar se kamp beloop slegs **R300 per vrou** (Akkommodasie, etes en geskenk ingesluit!)
- Die koste vir die bus beloop 'n skamele **R200 per vrou (retoer!)** Dis net ons girls van Pretoria wat so bietjie ekstra gaan moet betaal aangesien die busse aanvanklik net vanaf Vanderbijlpark geloop het.
- Ons **kos is uitstekend** en Riana & Braam is verseker die beste kamp koordineerders wat ek in my lewe ontmoet het!

**Inskrywingsvorms** kan ook gedownload word van ons website: www.crossroad-ministries.co.za of vroue kan aanlyn **registreer** op hierdie selfde webstuiste...gaan net na REGISTRATIONS en boek jou plek sommer vandag nog!

**ONDERSTEUN ONS ASSBELIEF! Indien jy voel jy wil ons help om 'n vrou se lewe aan te raak met 'n groot blessing, praat met ons en borg haar! Ons kry daagliks navraag van vroue wat wil gaan, maar dit nie kan bekostig nie. Ons beskik nie oor die finansies om almal te akkommodeer nie, maar elke donasie maak die taak op ons skouers ligter.**

**KOM VROUE, DIE TYD LOOP UIT EN DIE PLEKKE RAAK VOL...BESPREEK SOMMER NOU!**

## Banking Details: Let it Rain 2012

**FNB Account Number**: **62291074848**
(only for internet payments. For cash or other, please use our Crossroads account as below)
**Branch Code:** 250053
**Reference Number:** Initials + Surname + Cellnumber

Neem asb kennis dat Crossroad Gospel Message se bankbesonderhede ook verander het vanaf 20/4/2012:

***Crossroad Gospel Message (Pty) Ltd***
***First National Bank Acc nr: 62355533540, Takkode 250655***

# Die blou bakkie...



Die blou bakkie sal ongelukkig nie die “Power Hour” by die Mini SA God Rally kan bywoon nie omrede Ps Johan Meintjes van Vryburg besluit het dis tyd om hom bietjie te vat vir ‘n goeie opknap... sodat hy weer sy pligte stiptelik kan uitvoer vir die volgende 25 jaar... Hehe!
Francois het vanoggend met Johan gepraat en die dinge roer daar in Vryburg!
**Johan doen dit in sy eie hoedanigheid en wil ook hierdeur vir Kruispad tot seën wees. Dis eintlik ons Makwassie bakkie wat ons by Place of Restoration gaan gebruik in die toekoms en is so dankbaar vir Johan en Elize se oop harte! Indien jy graag wil deel in hierdie projek, kontak gerus vir Johan by 072 257 4876. Hy mag net nie ‘n ander kleur gespray word nie...hy bly BLOU! Haha!**

# Ons Kruispad Busfonds Balans!


| ACCOUNT TRANSACTION HISTORY | | |
|---|---|---|
| Name: | CROSSROAD BUS FUND | Crossroad Bus Fund |
| Account Nr: | 62337860177 | (hierdie is ‘n sub-rekening spesiaal vir die busfonds by FNB) |
| Balance: | R50 646.46 | 9/8/2012 |
| Doelwit: | R185 000.00 | |

Hierdie fonds is in die lewe geroep nadat die direkteure van **Newcom Fluid Management** die opdrag van God ontvang het en gehoorsaam was! Dankie Della, Francois & Nikki! Daar is baie beloftes rondom hierdie bussie en ons glo dat ons binnekort ons hele **Crossroad Crew** kan vervoer tesame met al ons klank en multi-media toerusting! Dankie vir elkeen wat bydrae tot hierdie fonds - ons staan in afwagting saam met jou om te sien wat God gaan doen! **AND ALL WILL SEE HOW GREAT IS OUR GOD!**

# Aandag ALLE Kruispad Konings!!

Ons is besig met ‘n opgradering van ons **databasis** en vra dat ons konings asseblief vir ons sal inlig indien hul persoonlike details verander het bv. bankbesonderhede, getroude status, adres ens. Ons sal met ons volgende vrouekamp **balkies** oorhandig aan al ons konings wat nog nie balkies gekry het nie, maar indien jy nie vrouekamp toe kom nie, laat weet ons gerus. **Ons pos met graag jou koning balkie**!

Vir die van u wat graag meer wil weet rondom die proses om ‘n Kruispad Koning te word, kontak ons gerus of besoek ons webtuiste by **www.crossroad-ministries.co.za.** Dis verseker die moeite werd en jou saad sal 100voudig na jou terugkeer!!!



KYK
Afrikaanse Christelike TV-Kanaal

**Ons "Let it Rain" Profetiese Vrouekamp**
Advertensie (30 sekondes clip) word op **Kruiskyk** uitgesaai word en die tye is as volg:

**Vrydae:** 07h30; 15h30; 20h55
**Saterdae:** 07h00; 15h00; 19h25
**Sondae:** 10h00; 15h30; 19h25

Bid en stem saam met ons dat hierdie advertensie vroue sal bereik, want as hulle nie hoor nie, sal hulle nie kom nie. Ons weet dat die Here 'n groot herlewing beplan onder ons vroue en hierdie is verseker 'n middel om vroue aan te moedig om te kom!

**Hierdie bevestiging het op 26/7/2012 uit America deurgekom van Bill Burns en ek deel dit graag met julle!**

Let your spirit arise. I say to you, come up here and behold My glory, says the Lord. My glory is being poured out, and you will be changed with each encounter that you have with Me. My glory shall be in demonstration to bring transformation. Deep calls to deep at the overflow of My presence into your life. The latter rain is coming to stir your spirit and bring elevation to your being. Have I not said that I would come to you as the rain--the former and the latter rain together? I will come and wash you and empower you for the days ahead.
*Zechariah 10:1a Ask the LORD for rain In the time of the latter rain.*







## *Courage Comes From Faith* Gloria Copeland

***Be strong** and **of a good courage**; be not afraid, neither be thou dismayed:* ***for the Lord thy God is with thee whithersoever thou goest.*** – Joshua 1:9

Courage comes from ***trusting God***. It can't be mentally drummed up. It comes from ***believing what God says regardless of what the circumstances*** look like. ***Courage comes from faith!***

*Where does discouragement come from?* From *fear and unbelief*. It comes when *you listen to the devil's lies* about what God is not going to do for you.


As the people of God, you and I must ***shake off discouragement*** *and* ***rise up with courage!*** We must ***quit looking at our own abilities and failures and limitations*** *and* ***start looking to God***. We must ***rise up in the Name of Jesus and the power of His Spirit and establish the kingdom*** of heaven upon earth.

If ***you've been discouraged*** lately, ***stop listening to Satan's lies***. ***Stop receiving*** evil reports. Whenever someone tells you God is not going to deliver you, ***just tell them***, "*He's already delivered me in the Name of Jesus."*

Once you ***begin to realize who you are and what you've been given by the power of God***, you'll quit letting the devil run all over you. ***God didn't suggest*** *that you* ***be strong and courageous***. ***That is His command!***

***AMEN!!***

# Getuienis van die maand!




**Ons is soldate wat in diens staan van ons Opper-Bevelvoerder en ons soek nie erkenning of klop-pies op die skouer nie, maar getuienisse soos hierdie, maak vir ons die bediening die moeite werd en ons loof God vir Tommy se bereidwil-ligheid om sy getuienis met julle te deel!**

Hi Francois

Ek en my vrou het so jaar terug getrou en Klerksdorp toe getrek agter werk aan. Ons is eintlik NG mense maar 'n klomp goed het gemaak dat ek verder van God af begin dryf het (maar dis 'n heel ander dag se gesprek daai). Punt van my storie is dat ons toe een dag by die BikersChurch kom kuier het en ek het dit kwaai gelaaik. In die volgende 4-5 preke het ek meer waarheid van die Here gehoor as in my hele NG-verlede, dit het my geloof weer versterk. Maar die eintlike rede hoekom ek skryf is om te getuig.

So paar sondae terug (sorry, maar ek kan nie onthou waaroor die preek gegaan het nie) het jy gesê as daar mense is wat stukkend is moet hulle opstaan dat jy vir hulle kan bid. Nou ek hou nie van opstaan nie, NG mense is mos nie so geleer nie (en ons2 is maar aan die skamer kant van die algemene mens). Maar toe sê jy ons kan ook opstaan namens iemand anders, en steeds was ek huiwerig. Maar toe noem jy voorbeelde en sê "staan op vir iemand na aan jou soos jou ma, pa, vriende....." en toe besef ek die Here praat met my.

Jy sien, my ma het 'n ongeneesbare siekte, poli-artrits-nodosa (PAN), seker nou al vir so 6-8 jaar. Dit het iets met haar are en immuunstelsel te doen, hy val homself aan en dan veroorsaak dit bloedklonte, bloukolle en baie pyn. Partykeer raak die bloukolle so erg dat dit sere inval, dan is dit 'n gemors. Want omdat die siekte haar immuunstelsel aantas, sukkel die sere ongelooflik om te genees, party mense gaan dood van dit. Die dokters was raadop oor wat om te doen en hulle probeer die een behandeling na die ander, sonder sukses. **Daardie dag het ek vir my ma opgestaan** en oom Smittie en nog 'n ander oom het by my kom staan en saam gebid. My ma se geloof is baie sterk maar die ding byt haar hard. Ek het haar toe vertel dat ek vir haar opgestaan het in die kerk om so bietjie haar gemoed te boost.

**Wat volgende gebeur het was amazing....... sy het my terug ge-sms en gese hulle het 'n paar weke terug 'n nuwe behandeling begin en die wonde is al 30% beter!!!!!!!!! Vandag is haar wonde so-te -sê genees. Ek glo die Here het my/ons gebede verhoor en ek wil net dankie sê vir daardie dag se moed-inpraat. Dis net nog 'n bewyse hoe God deur mense werk, en soms dat hul dit nie eens weet nie.**

**P.S.: Ek is nou 'n opstaan-mens.....vir God!!!!**

Groete
Tommie & Rochelle Theron
Sel: 072 119 5555
e-pos: tatheron@gmail.com

## SKENKING!



Tannie Elmie Taylor se naasbestaandes het al haar klere geskenk vir welsyn en Scharmaine, Ferdie & Tannie Kotie van ons kerk oorhandig hier ongeveer 10 sakke klere aan Suster Amera van die Klerksdorp se huis vir Bejaardes.
Ons wil vir die Taylor familie baie dankie sê en glo dat hierdie klere sommer baie harte van dankbaarheid sal laat klop!

Danie vir elkeen se gebede,
finansies en liefde...
Kruispad Groete!
Francois & René